daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

**Reeks:** Nuwejaarsreeks
**Titel:** ... Nuwejaarseen
**Prediker:** Johan Geyser
**Datum:** 31 December 2012

---

U word vanaand uitgenooi om net vir 'n paar oomblikke deel te neem aan 'n meditasie rondom Moses se seën aan een van sy seuns. Mag jou sterkte soos jou dae wees. Dis sy seun Asser. Ons weet nie baie van hom nie en daar word nie baie van hom gesê nie, maar dit was die wens en die seën wat Moses uitgespreek het oor hierdie seun van hom net voordat hy gesterf het.

Vier goed vanaand. Wat is 'n seën? En dan, sterkte soos jou dae. Net daardie paar woorde. 'n Seën is 'n baie interessante gebruik wat deur die Here ingestel is toe Hy gesê het, vir die priesters in oud Israel, julle moet voor die mense gaan staan en dan sê julle vir die mense sekere goed. En as julle hierdie goed vir die mense sê dan gaan ek dit so laat gebeur soos julle dit gesê het. So die idee van 'n seën is dat jy regtig deur woorde bekragtig word, en dat daardie woorde wat gespreek word 'n realiteit word in jou lewe.

Nou, daar is baie nagedink oor hierdie woorde. Dis nie sommer enige woorde wat jy sommer net uitspreek nie, jy weet, so hulle het toe ook besluit, maar hierdie seën wil ons nie net in die kerk en die byeenkomste hê nie. Ons wil dit nou huise toe ook vat en ons wil hê die hoof van die huis, die man, moet ook sy kinders seën en hy moet sy vrou seën. En op baie ander maniere het hulle by sekere oorgange in die lewe rituële ingestel waarin 'n persoon dan opgestaan het en woorde gespreek het. Maar Moses het sy hele lewe met sy seun deurgebring. Daar het sekere idees oor sy seun in hom gevestig, goed wat hy geglo het God vir sy seun het, en wat God se wil is vir sy seun. En hy het dit gevat en oor hom uitgespreek.

Wat ook baie belangrik was by 'n seën is dat dit nie 'n magiese krag het wat hierdie woorde oor jou het nie, jy weet. Ek het 'n vriend wat van 'n gemeenskappie af kom, 'n geloofsgemeenskap, waarin hulle baie sterk in die krag van woorde glo, jy weet, en jy moenie eers sê, weet jy, ek voel nou nie so lekker... wel, moet dit nie... kanselleer dit dadelik. Hierdie goed gaan met jou gebeur. Jy spreek dit uit oor jouself. Nou, dis nie hierdie idee nie, jy weet, dat daar magiese krag is in woorde nie. Dit moet met geloof gepaardgaan. Dit moet ooreenkomstig die wil van God wees.

In Hebreërs lees ons byvoorbeeld, Hebreërs 4:12, dat die Evangelie baat nie as die hoorders nie geloof het en as dit nie gepaardgaan met geloof nie. So dit is in hierdie konteks waarin 'n seën vandaan kom. In die Nuwe Testament het dit 'n hele ander kleur en 'n wending aangeneem. Paulus kom en dan sê hy vir ons dat al die seëninge waarvan julle weet in die Ou Testament is julle s'n in Christus Jesus, Efesiërs 1:3. Ons is geseën met al die geestelike seëninge in Jesus Christus.

En dan kyk Petrus na die Christene, dan sê hy, weet julle, eintlik as ek so dink aan ons en ons roeping in hierdie wêreld, dan is ons eintlik geroep om te seën. Ons is geroep om rond te gaan en hierdie wil van God uit te spreek en te sê, en dit bekend te maak oor ander ook. En dit doen Paulus dan ook. Elke keer as hy sy brief afsluit dan spreek hy 'n seën uit. Jy sien, dit is anderster as 'n wens. Dis anderster as 'n gebed. Dis 'n geloofsuitspraak wat jy maak en wat jy doen, so dan sluit hy sy brief af. Dan is dit nie eintlik goodbye nie. Dit is... jy weet, dit... dan is dit soos 'n...

In die Sondagskool vra ons vir 'n outjie wat beteken amen. Toe sê die outjie hy dink dit beteken iets soos, Roger, over and out. Hoor hier, so dis nie wat Paulus doen as hy sê amen nie. Amen beteken laat dit so wees, en net voor dit, dan, wat moet so wees? Dan sê hy iets. En wat hy sê is, byvoorbeeld, 1


© 2012 Mosaïek

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Korintiërs sê hy, mag die genade van die Here Jesus met jou wees, amen. So mag daardie genade, die guns, die goedkeuring, die positiewe gesindheid...

God is so. Dis nie... hy vra, o, ek hoop die Here voel so oor jou nie. Die Here is so, maar ek hoop jy besef dit nou. Ek hoop jy ontwikkel 'n bewussyn. Ek hoop jy leef in die realiteit van dit. Amen, laat dit so wees. In 2 Korintiërs 13:13. 'n algemene seën wat baiekeer uitgespreek word: mag die genade van die Here Jesus, die liefde van die God, en die gemeenskap van die Heilige Gees met jou wees, amen. Galasiërs: mag die genade van die Here Jesus met jou gees wees. Dis 'n seën. Dis 'n realiteit. Dis 'n waarheid wat uitgespreek word oor jou. En as jy dit glo en jy vat dit, dan kan dit joune word en dan kan jy in die realiteit van dit deel. Dis die idee van 'n seën.

Nou kom Moses en hy sê, mag jou sterkte soos jou dae wees. Hierdie woordjie vir sterkte is 'n interessante woord wat in Hebreeus gebruik word. Dit is die enigste plek in die Bybel waar hierdie woord gebruik word vir sterkte. Dan kan jy verstaan, die vertalers en die kommentare sukkel bietjie om presies te kan sê wat met hierdie sterkte bedoel word, maar dis krag. Dis vermoë. Hy sê eintlik, mag jy vermoë besit, ability besit. En die idee van hierdie ability is dat dit iets is wat jy van weet en waarvan jy oortuig is.

Daarom vertaal een van die vertalings, Engelse vertalings, sê may your days be as your leisurely walk is. Mag jy 'n gerustheid, 'n sekuriteit, 'n tevredenheid in jou hê as gevolg van die ervaring en die wete en die bewussyn wat jy besit, dat jy krag het en dat God jou krag gegee het. Met ander woorde jy gaan, en dit is soos as ek bank toe gaan en ek gaan trek R100 en ek weet ek het R1,000, dan is dit lekker, nê. Jy sit hom in. Jy is... en as hulle vir jou sê, hoor hier, daar is... probeer weer. Daar is fout met die bank. Ek weet daar is geld. Kyk, hier lag 'n paar ouens want hulle weet hulle kan dit nie altyd doen nie. Hulle gaan, jis, ek hoop dit is daar. Ek hoop ek het genoeg. Dan het jy nie daardie ability nie. Jy het nie hierdie soort krag waarvan hy hierso van praat nie. Jy gaan die lewe in en jy weet, ek is... dis 'n relaxedgeit waarmee jy ingaan, want ek het hierdie krag in my.

Jy weet, en die interessante idee van is, dis... hy sê dis jou krag. Mag jou krag so wees. Sy krag word nou jou krag. Kyk, Paulus het daardie selfde idee, nê, in Filippense 4:11. Hy sê ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee. Die Amplified Vertaling vertaal baie mooi, en hy probeer baie die idee van die Grieks, wat 'n bietjie 'n prentjie taal het, daarso weer te gee as hy sê I'm up to anything and everything that comes my way because He fuses strength into my inner being, fuses.

Jy weet, dis 'n woord wat die Engelse gebruik as hulle tee maak. Hulle vat daardie teesakkie en dan fuse hulle daardie tee in die water in. Jy weet, wat drink jy? Jy drink eintlik gegeurde water. Noem dit tee. Nee... is dit... is dit teewater of is dit watertee? Weet nie, want dit is gefuse. Dit het een geword, nê, en dit is wat met jou gebeur. He fuses strength into your inner being. Nou kan ek sê dis my krag, want dis Sy krag wat Hy vir my gee. Dit verander jou idee oor wie jy is. Weet jy wat is in jou? Weet jy tot waartoe is jy in staat? Jy kan alles... jy het die sterkte soos jou dae sal wees. Wat jou pad ookal langs kan kom kan jy hanteer, want Hy het vir jou die krag gegee daarvoor.

Dis die idee wat Paulus het as hy sê, ons sal nie bo ons kragte versoek word nie, nê. Dit beteken daar sal nie iets jou pad langs kom wat jy nie kan hanteer nie. En miskien sit jy hier vanaand en jy het 'n paar goed waaroor jy wonder oor hierdie jaar wat voorlê. En jy is dalk nou bekommerd, en jy sê ek weet nie hoe gaan ek... jy het die krag in jou om dit te kan hanteer.

Weet jy wat het Moeder Theresa in haar Bybel geskryf langs daardie teksvers, 1 Korintiërs 13:10, wat sê, ons sal nie bo ons kragte versoek word nie? Toe hulle haar Bybel kry en hulle maak hom oop toe staan


**© 2012 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

daar, ek wens U het my nie so vertrou nie. Here, U moet my darem verskriklik vertrou, want kyk net watse goed moet ek hanteer. Ek moet dit kan hanteer want U gee vir my daardie krag. Jou krag sal wees soos jou dae. Dit sal wees soos jou dae. Jy het net genoeg, en jy het wat nodig is vir jou dae en vir die eise wat jou dae aan jou sal stel.

Weet jy, hierdie gedagte kom baie mooi na vore as jy die Psalms lees. Het jy al gelees hoe Dawid ook veral sê die Here is? Wat is die Here nie net alles in die Psalms nie, huh? Die Here is my herder. Die Here is my skild. Nou, dis dalk iets wat nou nie vir ons baie sin maak nie, maar 'n skild is iets waarmee ek my verdedig het as daar pyle op my geskiet word en ek word aangeval. Wat hy sê is die Here is dit vir my. Die oomblik as hierdie ding na my... jy moet eers verby my skild kom voor jy by my kan uitkom, en jy moet eers verby die Here kom as jy by my wil kan uitkom, want die Here is my beskerming.

Die Here is my rotsvesting. Die Here is my... He is the glory and the lifter of my head. Hy is die een wat my... met trots kan ek my kop optel. Ek hoef nie so deur die lewe te gaan nie. Ek kan so deur die lewe gaan, want Hy laat my my kop optel. Ek het 'n rede. Ek is ontslae van my skaamte en my skande en watter goed ookal op my gelê is. Hy is die een wat dit vir my is. Ek kry dit in Hom. Ek kry dit nie in wat ek gedoen het en goed nie. Okay, dis wonderlik as jy gaan kyk na al die name. Hy is my lig toe dit duister vir my is. Toe ek nie kan sien nie en ek verstaan nie, en dis choas en dis deurmekaar, toe skyn Sy lig in, toe raak dit vir my duidelik, toe raak dit vir my helder, wat is aan die gang. Hy is my lig. Hy is my lig.

Nou, wat die lewe ookal na jou toe bring, die Here se krag is daar vir jou. Dis 'n multi-faceted power. Dis 'n psigiese, geestelike, fisiese, emosionele, sosiale krag waarvan ons praat. Dit is wat jy kan nodig kry. Dit is wat Hy jou gee. En nou sê Hy, dit is myne. Dis myne. Die Here is <u>my</u> herder. Dis nie nou meer net 'n idee nie. Dis nie meer 'n filosofie nie. Dis nie 'n baie nice trooswoordjie nie. Dis 'n realiteit waarin ek deel. Daar was 'n eenwording wat plaasgevind het. Daar was 'n fusion wat plaasgevind het, en ek kan dit nou vat.

Ek het sterkte soos my dae, my dae. Die dag is al wat ek het. Nou is eintlik al wat bestaan. Rêrig, dis eintlik... dis nie realiteit nie. Gister bestaan nie nou nie. Gister is verby. Môre bestaan nie nou nie. Al wat nou bestaan is nou. En ek sê ek vat nou. As ek hierdie seën vat dan sê ek ek vat nou. Ek vat wat die lewe en my lewe na my toe bring. Kyk, dis 'n groot ding. Baie van ons is nie in dit nie, nê. Jy weet, as jy wakker word wens jy dit was iets anders. Ek wens dit was... ek kon nog drie ure slaap. Ek wens die dag is verby.

En hoe baie van ons is die heeltyd op pad, nê. Jy weet, ek is... ek is nou hier... wag, ek is nou... net gou verby gaan. Ons gaan nou braai en ons gaan... ek is net nou klaar. Ek moet net gou klaarmaak hierso. Nooit heeltemal into it nie. En ek vat nie die goed wat regtig na my toe... party van ons is op default. Ons is op autopilot. Ek switch net uit, so ek gaan maar net deur dit. Laat ek net deur dit kom. Laat ek net... nee, nee, hierdie sê vir my dag. Vir dit wat na my toe kom, dit vat ek. Dis my lewe. Dis my enigste lewe wat ek het om te leef. En ek vat dit en ek leef in die nou, want dit is net in die nou waar die lewe lê. Dis net vir die nou waarvoor ek die krag het.

Weet jy, daar is 'n ou in Foxe's Book of Martyrs, dis 'n ou boek wat geskryf is oor hoe die eerste Christene gemartel is en wat die prys is wat betaal was vir die geloof wat ons vandag het. En een van die goed was 'n man wat, net voordat hy tereggestel is, die aand voordat hy tereggestel is het hy 'n brief geskryf. So 'n gebed, en hy het so met die Here gepraat. En hy het sy vrees vir sy teregstelling uitgebeeld. Hy was met pik gesmeer. Daar was vir hom gesê jy gaan met pik gesmeer word en lewendig aan die brand gesteek word die aand vir lig in die teater vir die spele wat sal plaasvind.


**© 2012 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Hy het die aand voor die tyd by die kers gestaan en sy hand in die kers gesteek, en hy kon nie vir 'n paar sekondes sy hand daar hou nie, en hy het dit weggeruk, en sy hand het gepyn. En hy het gesê, Here, ek weet nie hoe gaan ek dit môre kan maak nie, en ek vra U net om my te kan help. Hulle het die briefie gekry, en hulle getuienis was dat hy gesing het en die Here geloof en geprys het toe hy aan die brand gesteek is. En dit was 'n duidelike bewys, 'n teken van Sy krag en Sy genade wat vir jou genoeg sal wees.

Jy kan jou nou nie nou daar indink nie, maar jy het nie nou daardie genade en daardie krag nodig nie. Maar wanneer die oomblik kom, wanneer die oomblik daar is, dan sal Sy krag vir jou daar wees, en dan sal jy die krag hê om dit te kan doen wat jou pad langs kom en wat jou lewe is wat jy moet leef. So ek sê ja vir die lewe. Ek sê ja, en ek leef intensioneel om nou dit wat die lewe my pad langs bring te kan vat en dit te kan doen. Ek ontvlug nie in môre in nie, in fantasieë, in dagdrome nie, jy weet. Dis ontvlugting, en dis 'n mors van die lewe. Ek maak ook nie movies van die toekoms nie, horror movies gewoonlik, nê. Jy is die hoofrol speler, en op die einde dan kom daardie byl so af op jou en dit is verby met jou, nê.

Kyk, ons is so goed daarmee, en dis vrees. Jy weet, het jy al agtergekom hoeveel keer praat Jesus teen bekommernis? Dis asof Hy 'n halwe issue het met hierdie ding. Moenie bekommerd wees nie, huh. Jy... want... want dit ontneem jou van die lewe. Dit vat jou weg uit die lewe uit. Jy leef in die toekoms. Jy leef nie in die nou nie, en jy het nie krag vir dit nie. Jy kan niks doen nie. Jy kan dit nie hanteer nie. Kom in die nou in.

Maar net so sleg is die verlede, nê. Weet jy, terwyl ek gedink het oor hierdie woorde het ek 'n... het ek 'n insig gekry, en ek weet nie of dit 'n openbaring is vir my nie. Dis vir my so half asof dit altyd daar was maar ek kon net nie mooi... dis of die penny nie gedrop het nie en nou beter drop, dat die verlede is eintlik waarmee die duiwel werk. Nou kyk, hy is mos die... hy is die Satan. Hy is die aanklaer. Hy is die aanklaer. Hy is die vader van die leuens. Wat is dit? Dit het alles te doen met die verlede. Dit het te doen met goed wat gebeur het, dan kom kla hy jou aan.

Hy sit 'n twist en 'n bend op die verlede en op gebeure wat met jou gebeur het. Hy laat jou dit inkleur. Hy laat jou daarna kyk op 'n sekere manier, waar... wat nie goed is nie, wat nie bevorderlik is nie. Dit neem die lewe nou uit jou uit. Jy lewe nou in die verlede. Jy kan nie loskom van die verlede nie. Dis iets wat jy moet vergeet. Dis iets wat jy moet los. En dit kom gewoonlik deur 'n traumatiese ervaring. In my ervaring, 30 jaar in bediening, is dat veral seksuele ervaringe kragtig op 'n mens se psige en innerlike inwerk, en veral... baiekeer ook jou eerste ervaringe wat jy het.

En dikwels, in daardie ervaring is 'n leuen vervat en verweef wat jou 'n bril gee waardeur jy na die lewe kyk. Dis asof die leuen is dit sal nooit vir jou uitwerk nie. Dis jou skuld. Jy is vuil. Jy is sleg. Sien jy? En nou, wat gebeur is, ja, kyk daar gebeur dit. Dit is so. Jy kry die bevestiging vir dit, en jy leef eintlik in die verlede. Jy leef met die verlede. En dit is die wonder van Christenwees, nê. Dis die krag van die Evangelie. Jy hoef nie 'n produk van jou verlede te wees nie. Jy kan 'n produk word van die werk van die Heilige Gees. Dis die Evangelie.

Jy hoef nie 'n produk te wees van jou inkulturasie nie, van jou indoktrinasie, van jou kondisionering nie. Jy kan uit dit uit breek en jy kan 'n nuwe mens word en 'n nuwe mens wees. En deel daarvan is om die leuen en die verlede te laat gaan. Jy kan nie die verlede verander nie. Dit het met jou gebeur, maar hoe jy dit interpreteer en hoe jy daarna kyk en wat daarmee gebeur kan heeltemal verander word, heeltemal verander word.


**© 2012 Mosaïek**

Dawid sê hierdie interessante woorde: Psalm 56:9: U het my trane in 'n kruik opgevang. Die een Engelse [?] vertaling sê wine making bottle, want dit is wat die... letterlik die Hebreeuse woordjie beteken. My trane is in 'n bottel opgevang waarmee wyn gemaak is. U het wyn gemaak van my hartseer. So wat beteken dit? As ek... dit... weereens, die Hebreeus is 'n groot prentjie taal. So U het my hartseer gevat en iets lekkers, iets goeds, iets wonderliks daarvan gemaak. So toe dit met my gebeur het was dit nie goed nie. Dit was nie lekker nie. Ek kon nie daarna kyk nie. Maar deur dit het daar goeie goed in my lewe plaasgevind.

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Ek het getransformeer. Ek het beter geword, en as ek terugkyk dan sien ek, maar dit het uitgewerk daardeur. 2011, dis was 'n goeie jaar. Vang jy dit? Nee. Dit was 'n goeie jaar. Jis, dit... dis 'n goeie... dit... die oes is goed, huh. Ek het nie gedink dit is so nie, maar dit is hoe Hy dit vir my verander het. Dit is wat Hy daarvan gemaak het in my lewe. Jy kan nie jou verlede verander nie, maar jy verander jou persepsie. Dit word transformasie. Dit word... jy word 'n meer compassionate... jy kan vergewe daardeur. Soveel kan daardeur gebeur.

Al wat bestaan is nou, en dis asof die Here ons uitnooi om te sê, lewe in die oomblik, lewe vir vandag. Dit is hoe Hy ons geleer bid het. Gee vir my vandag ons daaglikse brood. Dis hoe hy met die Israeliete gedeel het toe Hy hulle in die woestyn gevat het. Jy kan nie vat vir môre nie. Jy kan net vat vir vandag. Hanteer die lewe 24 uur per slag, en hanteer dit nou. Wat is daar nou op jou tafel wat jy moet hanteer? Daarvoor het jy die krag.

Ek wil u seën vanaand. Ek wil U seën met 'n diepe kennis en 'n insig in wie jy werklik is. God se skepping, God se geliefde. Sy krag werk in jou. Jy kan baie meer doen en baie meer hê en baie meer bereik as wat jy ooit kan droom, volgens die krag wat in jou werk. Mag Hy jou gemoed seën met die sin van Christus. Mag jy Sy gedagtes en Sy emosies en Sy wil in jou lewe sien. Mag jy onvrugbare, donkere, duistere, onlogiese gedagtes laat gaan, en mag jy met Sy wysheid en met Sy insig die lewe ingaan.

Mag jy in kontak kom net daardie diep verlange in jou wat verskuil is onder die emosies en die begeertes waarmee jy so goed bekend is. Mag jy geseën wees in jou verhoudings. Mag jy, waar daar verwydering is, versoening beleef. Mag jy, waar daar woede en bitterheid, vergifnis kom. Mag jy, waar daar pyn is, genesing ervaar. Jy kan geseënd wees in jou verhouding met jou lewensmaat, met jou ouers, met jou kinders, met jou kleinkinders, met jou werksvennote, met jou vriende, selfs met hulle van wie jy niks van hou nie.

Mag jy geseënd wees in jou konneksie en in jou verwondering met hierdie wêreld. Mag jy aangegryp word met die skoonheid en die wonder van hierdie skepping. Mag jy gefassineer word deur die plante en die diere en die sterreryk wat daar bestaan. Mag jy deur ander kulture, mense, geïnspireer word, die diversiteit, die kulturele veranderinge, verskille wat daar bestaan, die wonder in dit ook ontdek. En mag in jou die Koninkryk van God kom en 'n diepe begeerte in jou wees dat Sy Koninkryk in hierdie wêreld, wat ook stukkend is, sal groei en sterker word. Die Here Jesus is met jou. Sy genade is met jou. Sy liefde is met jou. Jy is 'n geseënde van die Here, amen, amen.

Mag jy 'n baie goeie jaar hê wat voorlê. En aan almal van u, baie, baie dankie vir die jaar wat verby is. Geniet hierdie aand en die jaar wat voorlê. Totsiens.


**© 2012 Mosaïek**